**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 23 February 2008.)*

# ACT

**To amend the Tobacco Products Control Act, 1993, so as to define certain expressions and to amend certain definitions; to provide anew for the control over the smoking of tobacco products; to make provision for standards in respect of the manufacturing and export of tobacco products; to extend the Minister's power to make regulations; and to increase penalties; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 83 of 1993, as amended by section 2 of Act 12 of 1999**

**1.** Section 1 of the Tobacco Products Control Act, 1993 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the—

*(a)* insertion after the definition of "advertisement" of the following definition:

" **'composition'** means the content, arrangement or combination of substances included in the processing and manufacture of a tobacco product;";

*(b)* insertion after the definition of "Director-General" of the following definition:

"**'emission'** means any substance that is produced when a tobacco product is used;";

*(c)* insertion after the definition of "employed" or "employment" of the following definition:

" **'ingredient'** means any product component, material used to manufacture such component, residual substance from agricultural practices, storage and processing and substances that can migrate from packing into the product;";

*(d)* insertion after the definition of "local authority" of the following definition:

" **'manufacturer'** where the manufacturer is—

*(a)* a company, includes its holding company or any subsidiary and any subsidiary of its holding company;

*(b)* an entity other than a company, includes an entity that controls or is controlled by such manufacturer or that is controlled by the same entity that controls such manufacturer;";

greengazette

WYSIGINGSWET OP DIE BEHEER VAN TABAKPRODUKTE, 2007 **Wet No. 23, 2007**

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

^^^^^^^^^^ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 23 Februarie 2008.)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993, ten einde sekere uitdrukkings te omskryf en sekere omskrywings te wysig; opnuut voorsiening te maak vir die beheer oor die rook van tabakprodukte; voorsiening te maak vir standaarde ten opsigte van die vervaardiging en uitvoer van tabakprodukte; die Minister se bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, uit te brei; strawwe te verhoog; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 83 van 1993, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 12 van 1999**

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur—

*(a)* die omskrywing van **"beampte"** deur die volgende omskrywing te vervang:
**"'beampte'** 'n beampte in die Departement van **[Nasionale]** Gesondheid **[en Bevolkingsontwikkeling in artikel 5 vermeld];";**

*(b)* die volgende omskrywing na die omskrywing van **"Direkteur-generaal"** in te voeg:
"**'emissie'** enige stof wat veroorsaak word wanneer 'n tabakproduk gebruik word;";

*(c)* die omskrywing van **"openbare plek"** deur die volgende omskrywing te vervang:
"**'openbare plek'** enige binnenshuise **[of]**, ingeperkte of gedeeltelik ingeperkte gebied wat vir die publiek **[of 'n gedeelte van die publiek]** toeganklik is en ook 'n werkplek en 'n openbare vervoermiddel;";

*(d)* die volgende omskrywing na die omskrywing van **"openbare plek"** in te voeg:
"**'openbare vervoermiddel'** ook die vervoer van mense deur middel van enige handels- of huurvliegtuig, skip, boot, trein, bus, minibus of taxi;";

*(e)* die volgende omskrywings na die omskrywing van **"rook"** in te voeg:
"**'samestellende deel'** enige produkkomponent, materiaal gebruik om sodanige komponent te vervaardig, resstof van landboupraktyke, berging en prosessering en stowwe wat deur verpakking in die produk oorgebring kan word;";
**'samestelling'** die inhoud, rangskikking of kombinasie van stowwe ingesluit in die prosessering en vervaardiging van 'n tabakproduk;";

*(f)* die omskrywing van **"tabakproduk"** deur die volgende omskrywing te vervang:

*(e)* substitution for the definition of "officer" of the following definition:

"'**officer**' means an officer in the Department of **[National]** Health **[and Population Development as mentioned in section 5]**;";

*(f)* insertion after the definition of "private dwelling" of the following definition:

"'**public conveyance**' includes transporting people by means of any commercial or chartered aircraft, ship, boat, train, bus, mini-bus or taxi;";

*(g)* substitution for the definition of "public place" of the following definition:

"'**public place**' means any indoor **[or]**, enclosed or partially enclosed area which is open to the public **[or any part of the public]**, and includes a workplace and a public conveyance;";

*(h)* substitution for the definition of "tobacco product" of the following definition:

"'**tobacco product**' means **[any]** a product **[manufactured from]** containing tobacco **[and intended for use by smoking, inhalation, chewing, sniffing or sucking]** that is intended for human consumption, and includes, but is not limited to, any device, pipe, water pipe, papers, tubes, filters, portion pouches or similar objects manufactured for use in the consumption of tobacco;"; and

*(i)* substitution in the definition of "workplace" for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* means any indoor **[or]**, enclosed or partially enclosed area in which employees perform the duties of their employment; and".

**Substitution of section 2 of Act 83 of 1993, as amended by section 3 of Act 12 of 1999**

**2.** The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

**"Control over smoking of tobacco products**

**2. (1)** *(a)* No person may smoke any tobacco product in—

(i) a public place;

(ii) any area within a prescribed distance from a window of, ventilation inlet of, doorway to or entrance into a public place;

(iii) any motor vehicle when a child under the age of 12 years is present in that vehicle; or

(iv) any place contemplated in subsection (3).

*(b)* Notwithstanding paragraph *(a)*, the Minister may permit smoking in the prescribed portion of a public place, subject to any prescribed condition.

*(c)* Notwithstanding the fact that a private dwelling is excluded from the definition of 'workplace', no person may smoke any tobacco product in a private dwelling if that private dwelling is used for any commercial childcare activity, or for schooling or tutoring.

(2) The owner of or person in control of a place or an area contemplated in subsection (1)*(a)*, or an employer in respect of a workplace, shall ensure that no person smokes in that place or area.

(3) The Minister may prohibit the smoking of any tobacco product in any prescribed outdoor public place, or such portion of an outdoor public place as may be prescribed, where persons are likely to congregate within close proximity of one another or where smoking may pose a fire or other hazard.

(4) The owner of or person in control of a place or area contemplated in subsection (1)*(a)*, or employer in respect of a workplace, shall display the prescribed signs and shall make the prescribed public announcements in order to inform any person who enters or who is in or on such place or area of any prohibition on smoking.

(5) An employer must ensure that—

*(a)* employees may object to smoking in the workplace in contravention of this Act without retaliation of any kind;

*(b)* employees who do not want to be exposed to tobacco smoke in the workplace are not so exposed;

*(c)* it is not a condition of employment, expressly or implied, that any employee is required to work in any portion of the workplace where smoking is permitted; and

greengazette

"'**tabakproduk**' 'n produk wat **[van]** tabak **[vervaardig is]** bevat en bestem is **[om gerook, ingeasem, gepruim, gesnuif of gesuig te word]** vir menslike gebruik, en ook, maar nie beperk nie tot, enige toestel, pyp, waterpyp, papiere, buise, filters, porsiesakkies of soortgelyke voorwerpe vervaardig vir gebruik in die verbruik van tabak;";

*(g)* die volgende omskrywing na die omskrywing van "teer" in te voeg:

"'**vervaardiger**', waar die vervaardiger—

*(a)* 'n maatskappy is, ook sy houermaatskappy of enige filiaal en enige filiaal van sy houermaatskappy;

*(b)* 'n ander entiteit as 'n maatskappy is, ook 'n entiteit wat sodanige vervaardiger beheer of deur sodanige vervaardiger beheer word of wat beheer word deur dieselfde entiteit wat sodanige vervaardiger beheer;"; en

*(h)* in die omskrywing van "werkplek" paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* enige binnenshuise **[of]** ingeperkte of gedeeltelik ingeperkte gebied waar werknemers die pligte van hul diens verrig; **en**".

**Vervanging van artikel 2 van Wet 83 van 1993, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 12 van 1999**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Beheer oor rook van tabakprodukte**

**2.** *(1)(a)* Niemand mag 'n tabakproduk rook nie in—

(i) 'n openbare plek;

(ii) 'n gebied binne 'n voorgeskrewe afstand vanaf 'n venster, ventilasie-inlaat of deuropening van of ingang tot 'n openbare plek; of

(iii) 'n motorvoertuig wanneer 'n kind onder die ouderdom van 12 jaar in daardie voertuig teenwoordig is; of

(iv) 'n plek beoog in subartikel (3).

*(b)* Ondanks paragraaf *(a)* kan die Minister rook toelaat in die voorgeskrewe deel van 'n openbare plek, behoudens enige voorgeskrewe voorwaarde.

*(c)* Ondanks die feit dat 'n privaatwoning uitgesluit word van die omskrywing van 'werkplek' mag geen persoon enige tabakproduk rook in 'n privaatwoning nie indien daardie werkplek gebruik word vir 'n kommersiële kindersorgfasiliteit, of vir skoling of private onderriggewing.

(2) Die eienaar of persoon in beheer van 'n plek of 'n gebied beoog in subartikel (1)*(a)*, of 'n werkgewer ten opsigte van 'n werkplek, moet verseker dat geen persoon in daardie plek of gebied rook nie.

(3) Die Minister kan 'n verbod plaas op die rook van 'n tabakproduk in 'n voorgeskrewe buitenshuise openbare plek, of die gedeelte van 'n buitenshuise openbare plek wat voorgeskryf word, waar persone waarskynlik naby mekaar sal byeenkom of waar rook 'n brand- of ander gevaar kan inhou.

(4) Die eienaar of persoon in beheer van 'n plek of gebied beoog in subartikel *(1)(a)*, of werkgewer ten opsigte van 'n werkplek, moet die voorgeskrewe tekens vertoon en moet die voorgeskrewe openbare aankondigings doen ten einde 'n persoon wat binnekom of wat in sodanige plek of gebied is, oor enige verbod op rook in te lig.

(5) 'n Werkgewer moet toesien dat—

*(a)* werknemers, sonder vergelding van enige aard, teen rook in die werkplek strydig met hierdie Wet beswaar kan maak;

*(b)* werknemers wat nie aan tabakrook in die werkplek blootgestel wil wees nie, nie aldus blootgestel word nie;

*(c)* dit nie 'n uitdruklike of geïmpliseerde diensvoorwaarde is nie dat daar van 'n werknemer vereis word om in 'n gedeelte van die werkplek te werk waar rook toegelaat word; en

*(d)* werknemers nie verplig word om 'n vrywaring te onderteken teen werk in 'n gedeelte van die werkplek waar rook toegelaat word nie.

greengazette

*(d)* employees are not required to sign any indemnity for working in any portion of the workplace where smoking is permitted.

(6) The owner of or person in control of a place or area contemplated in subsection (1)*(a)*, or employer in respect of a workplace, shall ensure that no person under the age of 18 years is present in any portion of the workplace where smoking is permitted or in the area within a public place contemplated in subsection (1)*(b)* in or on which smoking is permitted.

(7) Sections 80 to 89 of the National Health Act, 2003 (Act No. 61 of 2003), apply with the necessary changes to this section.".

**Substitution of section 3A of Act 83 of 1993, as inserted by section 5 of Act 12 of 1999**

**3.** The following section is hereby substituted for section 3A of the principal Act:

**"Standards for manufacturing and export of tobacco products**

**3A.** (1) No person shall manufacture a tobacco product unless it complies with such standards as may be prescribed.

(2) Every manufacturer of a tobacco product shall provide such information about the product and its emissions to the Minister and the public as may be prescribed, in the prescribed manner and within the prescribed time.

(3) *(a)* No person shall export a tobacco product from the Republic unless the tobacco product meets the product and testing standards of the country of final destination.

*(b)* If no such standards exist in the country of final destination, the provisions of this section apply.".

**Amendment of section 6 of Act 83 of 1993, as amended by section 9 of Act 157 of 1993**

**4.** Section 6 of the principal Act is hereby amended by—

*(a)* the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* anything that must or may be prescribed in terms of this Act;";

*(b)* the substitution in subsection (1) for paragraphs *(c)*, *(d)* and *(e)* of the following paragraphs, respectively:

*(c)* the location, content, size and format of any sign required in terms of this Act;

*(d)* the standards that a tobacco product must comply with, including—

(i) the amounts of substances that may be contained in the product or its emissions;

(ii) substances that may or may not be added to the product;

(iii) the ignition propensity of cigarettes; and

(iv) product design and composition;

*(e)* methods to assess conformity, and methods of testing and measuring compliance, with any prescribed standard;

*(f)* subject to Chapter 2 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, any information that a manufacturer of a tobacco product must submit to the Minister and to the public, including information in respect of—

(i) research conducted into a tobacco product by a manufacturer or by a person who conducted research paid for in whole or in part by a tobacco manufacturer;

(ii) the quantity of a tobacco product manufactured;

(iii) marketing expenditure; and

(iv) information on product composition, ingredients, hazardous properties and emissions; and

*(g)* any ancillary or incidental administrative or procedural matter that it is necessary to prescribe for the proper implementation or administration of this Act.".

greengazette

(6) Die eienaar of persoon in beheer van 'n plek of gebied beoog in subartikel *(1)(a)*, of werkgewer ten opsigte van 'n werkplek, moet verseker dat niemand onder die ouderdom van 18 jaar teenwoordig is in 'n gedeelte van die werkplek waar rook toegelaat word of in die gebied binne 'n openbare plek beoog in subartikel *(1)(b)* waarin rook toegelaat word nie.

(7) Artikels 80 tot 89 van die 'National Health Act, 2003' (Wet No. 61 van 2003), is met die nodige veranderinge op hierdie artikel van toepassing.".

**Vervanging van artikel 3A van Wet 83 van 1993, soos ingevoeg deur artikel 5 van Wet 12 van 1999**

**3.** Artikel 3A van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Standaarde vir vervaardiging en uitvoer van tabakprodukte**

**3A.** (1) Niemand mag 'n tabakproduk vervaardig nie tensy dit voldoen aan die standaarde wat voorgeskryf word.

(2) Elke vervaardiger van 'n tabakproduk moet die inligting oor die produk en sy emissies wat voorgeskryf word op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tyd aan die Minister en die publiek verskaf.

(3) *(a)* Niemand mag 'n tabakproduk vanaf die Republiek uitvoer nie tensy die tabakproduk aan die produk- en toetsstandaarde van die land van finale bestemming voldoen.

*(b)* Indien geen sodanige standaarde in die land van finale bestemming bestaan nie, is die bepalings van hierdie artikel van krag.".

**Wysiging van artikel 6 van Wet 83 van 1993, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 157 van 1993**

**4.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur—

*(a)* in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* enigiets wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word;";

*(b)* in subartikel (1) paragrawe *(c)*, *(d)* en *(e)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(c)* die figging, inhoud, grootte en formaat van 'n teken wat ingevolge hierdie Wet vereis word;

*(d)* die standaarde waaraan 'n tabakproduk moet voldoen, met inbegrip van—

(i) die hoeveelhede stowwe wat die produk of sy emissies mag bevat;

(ii) stowwe wat by die produk gevoeg mag word of nie gevoeg mag word nie;

(iii) die ontstekingsvermoë van sigarette; en

(iv) produkontwerp en -samestelling;

*(e)* metodes vir die bereiking van voldoening aan, en metodes van toetsing en meting van nakoming van, enige voorgeskrewe standaard;

*(f)* behoudens Hoofstuk 2 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, enige inligting wat 'n vervaardiger van 'n tabakproduk aan die Minister en aan die publiek moet voorlê, met inbegrip van inligting ten opsigte van—

(i) navorsing uitgevoer oor 'n tabakproduk deur 'n vervaardiger of deur 'n persoon wat navorsing gedoen het waarvoor 'n tabakvervaardiger ten volle of gedeeltelik betaal het;

(ii) die hoeveelheid van 'n tabakproduk wat vervaardig word;

(iii) die bemarkingsuitgawes; en

(iv) inligting oor produksamestelling, samestellende dele, gevaarlike eienskappe en emissies; en

*(g)* enige aanvullende of bykomstige administratiewe of prosedure-aangeleentheid wat nodig is om voor te skryf vir die behoorlike inwerkingstelling of administrasie van hierdie Wet.".

greengazette

**Insertion of section 6A in Act 83 of 1993**

**5.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 6:

**"Exemptions**

**6A.** The Minister may by notice in the *Gazette* exempt any tobacco product from a provision of this Act on such conditions as the Minister may determine in the notice, provided that it is in the public interest for the particular tobacco product to be so exempted.".

**Substitution of section 7 of Act 83 of 1993, as substituted by section 9 of Act 12 of 1999**

**6.** The following section is hereby substituted for section 7 of the principal Act:

**"Offences and penalties**

**7.** (1) Any person who contravenes or fails to comply with section 2(2), (4) or (6), or fails to comply with any **[notice issued in terms of]** condition contemplated in section 2(1)(*b*), shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding **[R200 or to such penalties as may be determined]** R50 000.

(2) Any person who contravenes or fails to comply with **[the provisions of]** section 2(5), 4(1) or 5, or contravenes or fails to comply with any regulation made in terms of this Act, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding **[R10 000 or to such imprisonment as may be determined]** R100 000.

(3) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of section 3, 3A or 4A **[or any notice issued in terms of section 3A]** shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding **[R200 000 or to such imprisonment as may be determined]** R1 000 000.

(4) Any person who contravenes or fails to comply with section 2(11) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R500.".

**Substitution of Preamble to Act 83 of 1993**

**7.** The following Preamble is hereby substituted for the Preamble to the principal Act:

**"Preamble**

**ACKNOWLEDGING** that tobacco use—

- is extremely injurious to the health of **[both]** smokers, **[and]** non-smokers and other users of tobacco products;
- has caused widespread addiction in society;
- **[and]** warrants, in the public interest, a restrictive legislation; **[is a widely accepted practice among adults, which makes it inappropriate to ban completely]**

**REALISING** that the association of **[smoking]** the use of tobacco products with social success, business advancement and sporting prowess through **[the use of]** advertising and promotion may have the particularly harmful effect of encouraging children and young people to **[take up smoking]** use tobacco products;

**CONSIDERING** that the extent of the harmful effects of **[smoking]** the use of tobacco products on health calls for strong action to deter people, especially the youth, from **[taking up smoking]** using tobacco products, to protect non-smokers from exposure to tobacco smoke and to encourage existing users of tobacco products **[smokers]** to **[give up smoking]** quit; and

greengazette

WYSIGINGSWET OP DIE BEHEER VAN TABAKPRODUKTE, 2007 Wet No. 23, 2007

BEHEER VAN TABAKPRODUKTE, 2007

**Invoeging van artikel 6A in Wet 83 van 1993**

**Invoeging van artikel 6A in Wet 83 van 1993**

**5.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 6 ingevoeg:

5. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 6 ingevoeg:

**"Vrystellings**

"Vrystellings

**6A.** Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige tabakproduk van 'n bepaling van hierdie Wet vrystel op die voorwaardes wat die Minister bepaal in die kennisgewing, mits dit in die openbare belang is dat die bepaalde tabakproduk aldus vrygestel word.

**Vervanging van artikel 7 van Wet 83 van 1993, soos vervang deur artikel 9 van Wet 12 van 1999**

**6.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Misdrywe en strawwe**

**7.** (1) Iemand wat **['n kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 2(1)]** artikel 2(2), (4) of (6) oortree of versuim om dit na te kom, of versuim om 'n voorwaarde beoog in artikel 2(1)(*b*) na te kom, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens **[R200 of met sodanige strawwe as wat bepaal mag word]** R50 000.

(2) Iemand wat **[die bepalings van]** artikel 2(5), 4(1) of 5 oortree of versuim om dit na te kom, of 'n regulasie wat ingevolge hierdie Wet uitgevaardig is, oortree of versuim om dit na te kom, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens **[R10 000 of met sodanige gevangenisstraf as wat bepaal mag word]** R100 000.

(3) Iemand wat die bepalings van artikel 3, 3A of 4A **[of enige kennisgewing uitgereik kragtens artikel 3A]** oortree of versuim om dit na te kom, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens **[R200 000 of met sodanige gevangenisstraf as wat bepaal mag word]** R1 000 000.

(4) Iemand wat artikel 2(1) oortree of versuim om dit na te kom, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500.

**Vervanging van Aanhef van Wet 83 van 1993**

**7.** Die Aanhef van die Hoofwet word hierby deur die volgende Aanhef vervang:

**"Aanhef**

**MET DIE WETE** dat die gebruik van tabak—

- uiters skadelik is vir die gesondheid van **[sowel]** rokers, **[as]** nierokers en ander gebruikers van tabakprodukte;
- wydverspreide verslawing in die gemeenskap veroorsaak het;
- **[en]** in die openbare belang, beperkende wetgewing regverdig; **['n algemeen aanvaarde praktyk onder volwassenes is, wat 'n algehele verbod daarvan onvanpas maak;]**

**IN DIE BESEF** dat die assosiasie van **[rook]** die gebruik van tabakprodukte met sosiale sukses, besigheidsvooruitgang en vaardigheid in sport, deur **[die gebruik van]** advertering en promosie die besonder nadelige gevolg kan hê dat dit kinders en jong mense aanmoedig om **[te begin rook]** tabakprodukte te gebruik;

**MET INAGNEMING DAARVAN** dat die omvang van die gevolge van **[rook]** die gebruik van tabakprodukte op gesondheid, streng optrede vereis

greengazette

**RESOLVING** to align the health system with the democratic values of the Constitution and the World Health Organisation's Framework Convention on Tobacco Control, and to enhance and protect the fundamental rights of citizens by discouraging the use, promotion and advertising of tobacco products in order to reduce the incidence of tobacco-related illness and death;".

**Transitional arrangements**

**8.** Any notice or regulation issued by the Minister prior to the coming into operation of this Act shall remain in force until amended, repealed or replaced by a notice or regulation made by the Minister in terms of the principal Act.

**Short title and commencement**

**9.** This Act is called the Tobacco Products Control Amendment Act, 2007, and comes into operation on a date to be fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

greengazette

om mense, veral jongmense, daarvan te weerhou om **[te begin rook]** tabakprodukte te gebruik, om nierokers te beskerm teen blootstelling aan tabakrook en **[rokers]** gebruikers van tabakprodukte aan te moedig om op te hou **[rook]**; en

**MET DIE VOORNEME** om die **[gesondheidsstelsel]** gesondheidstelsel in ooreenstemming met die demokratiese waardes van die Grondwet en die Wêreldgesondheidsorganisasie se Raamwerkkonvensie oor Tabakbeheer te bring en om fundamentele regte van burgers te verhef en te beskerm deur die gebruik, promosie en advertering van tabakprodukte te ontmoedig, ten einde die voorkoms van tabakverwante siektes en dood te verminder;".

**Oorgangsbepalings**

**8.** 'n Kennisgewing of regulasie wat deur die Minister voor die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgereik is, bly van krag totdat dit gewysig, herroep of vervang word deur 'n kennisgewing of regulasie ingevolge die Hoofwet deur die Minister uitgevaardig.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**9.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Beheer van Tabakprodukte, 2007, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

greengazette
paper friendly, user friendly.

greengazette
paper friendly. user friendly.

greengazette
paper friendly. user friendly.